



Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124

STRAND

Tel: 021-8548592

E-pos:

adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2026-06-26

Liewe Ouers

So het nog 'n kwartaal verbygevlieg! Baie dankie aan elke ouer vir jul vriendelikheid en behulpsaamheid. Aan ons ouerkomitee 'n spesiale woord van dank vir al die dinge wat "agter die skerms" gedoen word! Dankie ook aan die padpatrollieouers en ons personeel- die wintermaande bly 'n beproewing soggens in wind en weer! Ons wens almal 'n rustige en genotvolle vakansie toe.

PERSONEEL

Baie welkom aan ons nuwe Juffrou van die Skoenlapperklas wat instaan tydens Juffrou Paula se kraamverlof. Juffrou Madri, ons glo en vertrou jy gaan gelukkig wees by die Lochie-familie. Die Skoenlappers sien uit na hul nuwe juffrou! Juffrou Madri gaan vir die volle ses maande aflos. Juffrou Paula sal weer in Januarie terug wees. Juffrou Paula, ons wens vir jou en Henk alles van die beste toe met die koms van die nuwe baba. Ons sien uit om haar te ontmoet!

LUISTERVAARDIGHEDE

Ons as personeel is baie bekommerd oor die groot hoeveelheid kleuters wat probleme met hul luistervaardighede toon. Dit beteken eenvoudig hulle moet luister na 'n opdrag en kan reageer daarop, m.a.w. luister met begrip! Dit is seker nie nodig om die belangrikheid van luistervaardighede te beklemtoon nie. Sonder voldoende luistervaardighede het 'n kleuter reeds 'n agterstand in die klas.

Ons skryf dit grotendeels toe aan die óórstimulasie van visuele vaardighede omdat ons kleuters te veel tyd aan skermtyd spandeer. Baie min kleuters reageer op stemme as hul besig is om 'n speletjie te speel op hul tablet of 'n televisieprogram kyk. Ons benodig die hulp van ons ouers, asb!!

Hier volg 'n paar idees waarmee ouers hierdie vakansie kan help:

1. Gee vir u kleuter drie instruksies om te voltooi, bv. gaan haal jou beker in jou kamer, maak jou kamerdeur toe en bring die beker kombuis toe. Die instruksie moet net een maal gesê word. Indien u sien u kleuter toon probleme, oefen dit die vakansie in. Doen dit daaglik, asb. en gebruik verskillende instruksies om dit goed in te oefen.
2. Wanneer hulle voor die televisie/tablet sit en hulle reageer nie, skakel die toestel af en gee die instruksies. Hierdie is ongelukkig een van die **grootste** redes hoekom kinders nie meer luister na instruksies nie, want hulle fokus so op die televisie/tablet dat hul nie ouers se stemme "hoor" nie.
3. Wanneer u vir u kleuters stories lees in die aand voor slaaptyd, vra eenvoudige vrae oor die storie. Op hierdie manier sal u ook baie gou agterkom of u kleuter luister met begrip.

Ons vra dat u hierdie vakansie u kind asb. moet besig hou met kreatiewe aktiwiteite:

- Maak 'n bol speelklei aan in die begin van die vakansie (dit hou minstens drie weke) en gee vir hulle interessante drukkers, sade, speelgoedjies, ens. om dit interessant te maak.
- Laat hul prentjies teken van hul gunsteling speelgoed en oefen hul potloodgreep terwyl u kyk hoe hul teken.
- Laat hul inkleur en neem waar of dit tussen die lyne en egalig met goeie vingerbeheer is.
- Gee 'n tydkrif en knip prentjies netjies uit en maak 'n eie plakboek met "mooi en interessante" prentjies. Let op u kind se skêrhantering.

- Neem hul naweke na interessante plekke om hul ervaringswêreld en algemene kennis uit te brei. Ons in die Boland is bevoorreg met baie mooi en kindervriendelike kuierplekke.
- Neem hul vir 'n stappie of bal skop by die see of Helderberg natuurtuin. Dit is so 'n groot voorreg om reg "langs" die see te bly en nie ure te spandeer om by die see uit te kom nie.
- Laat hul fietsry, klim-en-klouter en fisies buite speel as ons weer dit toelaat. Alle kinders moet al op sesjarige ouderdom kan fietsry. Ons het heelwat vierjariges wat al kan ry. Dit hang net af hoeveel tyd die ouers daaraan spandeer.
- Leer een ouer se selfoonnommer vir u kind. Nie net omdat dit 'n assesseringspunt is nie, maar omdat 'n kleuter sy ouer se nommer moet ken vir 'n krisissituasie. Elke keer wanneer jul in die motor ry, kan u 'n stukkie van die nommer herhaal totdat u kleuter dit ken. Hulle sal u verbaas!

Kom ons stimuleer ons kleuters se kreatiewe denke en verbreed hul algemene kennis dié vakansie, sodat hulle baie het om vir juffrou te vertel na die vakansie.

GRAAD R-INLIGTING:

UITSTAPPIE: GIRAFFE HOUSE

Ons beplan om met ons jaarlikse bus-uitstappie op Vrydag 31 Julie na Giraffe House te gaan. Koste beloop R180-00 per kleuter wat die ingangsfooie en busdiens insluit. Dit kan op die D6 toepassing betaal word voor of op Vrydag 24 Julie.

Die bus gaan om 08:00 vertrek en leerders moet stiptelik om 07:30 reeds by die skool wees.

Wat om in te pak/aan te trek:

- 'n Warm baadjie (Klein Lochieland "fleecy") en toe skoene of tekkies
- Die Klein Lochieland skoolhempie bo-oor 'n langmou T-hemp
- 'n Kospakkie en koeldrank in die uitstappie-sakkies wat die kleuters by die bekendstellingsdag verlede jaar ontvang het, of 'n weggooibare plastieksak (DUIDELIK GEMERK)
- Ouers moet asb nie te veel kos inpak nie. Daar bly altyd geweldig baie kos oor.

Ons volgende tema is:

WINTER

Ons persepsies:

Getal:
Klank:

**7, sewe en sewende
b-klank**

Assessering:

Een-tot-een ooreenstemming
Kopieër 'n patroon
Legkaart: 100-stuk
Next-Up: Opeenvolging van 'n roetine
Vakansienuus

Maandag 20 Julie:

Vakansie

Dinsdag 21 Julie:

Skole open!
Bring 'n uitgeknipte prentjie van 'n b-klank

Woensdag 22 Julie:

Ek teken my vakansienuus

Donderdag 23 Julie:

Ons vorm 'n 7 uit klei

Vrydag 24 Julie:

Bak-en-Brou: Warm sjokolade

GRAAD RR-INLIGTING:

Ons volgende tema is:

WINTER

Ons persepsies gaan wees:

Kleur:

blou

Vorm:

sirkel

Getal:

1

Klank:

a-klankie

Maandag 20 Julie:

Vakansie

Dinsdag 21 Julie:

Skole open!

Woensdag 22 Julie:

Ons verf 'n igloe

Donderdag 23 Julie:

Ons verf 'n wolmussie

Vrydag 24 Julie:

Lekkertjiedag

Geniet u naweek!

Vriendelike groete

Klein Lochieland Personeel



Rhythmic Gymnastics
&
Boys Development
Classes
@ **NG Kerk Lourensrivier**

2026
Registrations
Open

Julene - 0833065848

GOLD REE Rhythmic GYMNASICS

The poster features a purple background with a white wavy line at the bottom. It shows a group of children in various poses, some in leotards and some in casual clothes, with a woman in a black and white patterned top. The text is in a mix of pink, green, and yellow colors.



**Classes for every
kind of mover!**

We offer:

Rhythmic Gymnastics
A structured class focusing on flexibility, coordination, balance and dance while using 5 hand apparatus namely: rope, hoop, ball, clubs and ribbons.

Boys Development Classes
A high-energy boys-only fitness class using play and basic tumbling to build strength, balance, coordination and confidence.

Julene - 0833065848

The poster has a yellow background with a white wavy line at the bottom. It shows a group of children in various poses, some in leotards and some in casual clothes, with a woman in a black and white patterned top. The text is in a mix of blue, green, and yellow colors.